
DIE VLUYTJESKRAAL-DORPSGEBIED: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP ORANIA SE “WORTELS”

Jannie Rossouw

Wits Besigheidskool, Universiteit van die Witwatersrand

Jannie.Rossouw@wits.ac.za

Orania is 'n groeiende dorp op die suidelike oewer van die Oranjerivier in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika. Gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 wat die dorp Orania insluit, is in 1991 deur die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) aangekoop met die oog op die vestiging van 'n Afrikaner-enklawe wat streef na selfbeskikking. Uit 'n historiese konteks laat die literatuur dikwels die indruk dat Orania se geskiedenis in 1991 met die aankoop deur Avstig begin het. Orania se geskiedenis strek egter terug tot 1963, toe die dorp se ontwikkeling deur die destydse Departement van Waterwese (DvW) as die Vluytjeskraal-dorpsgebied 'n aanvang geneem het. In hierdie ondersoek na die historiese “wortels” van Orania voor 1991, is vasgestel dat weinig rekords beskikbaar is.

Die ondersoek lei tot drie gevolgtrekkings. Eerstens toon hierdie navorsing oor die ontstaan en ontwikkeling van Orania binne die konteks van die groter Oranjerivierwaterskema dat Suid-Afrika groot kon droom en groot kon doen. Die Suid-Afrikaanse regering kon visioenêr optree en projekte van stapel stuur wat tot voordeel van al die inwoners van die land was.

Die tweede gevolgtrekking is dat individuele elemente van die Oranjerivierwaterskema en verwante projekte, byvoorbeeld dorpsontwikkeling, swak geboekstaaf is. Hierdie historiese navorsing toon duidelik die belangrike rol van die argivale bewaring van dokumentasie vir toekomstige geskiedskrywing.

Laastens is Orania se oogmerk selfbeskikking, afsonderlik van die Suid-Afrikaanse regering en die res van Suid-Afrika. Dit is die dorp se groot ideaal. 'n Historiese oorsig toon dat selfbeskikking internasionaal op verskeie wyses bereik kan word, maar onderhandeling met die Suid-Afrikaanse regering is die aangewese wyse waarop Orania hierdie ideaal kan bereik.

Sleutelwoorde: Departement van Waterwese, DvW, historiese rekords, Orania, Oranjerivierwaterskema, Vluytjeskraal-dorpsgebied

The Vluytjeskraaltownship: An historical perspective on Orania’s “roots”

Orania is a growing town on the southern bank of the Orange River in South Africa’s Northern Cape province. The ‘Afrikaner Vryheidstigting’ (Freedom foundation) purchased Section 8 of the farm Vluytjeskraal 149 including Orania in 1991 under the leadership of Prof Carel Boshoff to establish an Afrikaner enclave striving for self-determination. From a historical perspective, the available literature often gives the impression that Orania’s history began in 1991. However, the town’s history stretches back to 1963, when the then Department of Water Affairs (DWA) commenced development of the Vluytjeskraal township. This research considers the historical “roots” of Orania before 1991, a period for which scant records are available.

Three conclusions are reached. Firstly, research about the origin and development of Orania within the context of the larger water scheme, shows that South Africa could dream and perform on a large scale. The visionary South African government was able to launch a project that was to the benefit of all the inhabitants of the country.

Secondly it became clear that individual elements of the Orange River Water Scheme and related projects, for instance town development, are poorly documented. This historical research on Orania’s origin clearly shows the importance of archival preservation of documentation for future historiography.

Finally, Orania’s goal of self-determination, independent from the South African government and the rest of South Africa, is the town’s main ideal. A historical review of international events shows that self-determination can be achieved in various ways, but negotiation with the South African government is the designated way for Orania to achieve this ideal.

Keywords: Department of Water Affairs, DWA, historical records, Orange River water scheme, Orania, Vluytjeskraal township

Agtergrond en inleiding¹

Sedert 1991 word periodiek in die media oor Orania berig, terwyl daar ook akademiese literatuur en nagraadse akademiese studies oor die dorp is, soos uit die literatuuroorsig blyk. In historiese konteks laat die literatuur dikwels die indruk dat Orania se geskiedenis in 1991 begin het. Hierdie artikel toon aan dat die gebied wat vandag as Orania bekend staan lank voor 1991 ontstaan het, hoewel min van daardie geskiedenis gedokumenteer is.

Orania is 'n groeiende dorp in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika op die suidelike wal van die Oranjerivier. Die dorp is sowat 43 kilometer oos van Hopetown en ongeveer dieselfde afstand wes van die Vanderkloofdam. Die ligging van Orania word in Figuur 1 aangedui.



Figuur 1: Ligging van Orania aangedui op 'n kaart van Suid-Afrika.
(Bron: Orania, https://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:Orania_Kaart.png,
besoek 2024-01-22.)

1 Die teks weerspieël die persoonlike siening en mening van die outeur en moet nie aan enige instansies toegeskryf word nie. Die outeur bedank die Orania Dorpsraad en die Orania Ontwikkelingsmaatskappy vir hulp met hierdie navorsing. Die outeur bedank ook persone wat in hierdie navorsing geïdentifiseer word, vir inligting oor Orania voor 1991. Laastens bedank die outeur anonieme keurders vir hul kommentaar op die teks. Enige foute of weglatings bly egter die outeur se verantwoordelikheid.

Orania se geskiedenis gaan so ver as 1963 terug. Die dorp is deur die destydse Departement van Waterwese (DvW in die Afrikaanse teks van hierdie artikel) naby die Oranjerivier opgerig, soos in hierdie artikel bespreek word. Orania is een van sewe dorpe wat die DvW in daardie tydperk opgerig het vir huisvesting vir personeel wat op die Oranjerivier en verwante waterskemas gewerk het. Die ander dorpe is Gariep Dam (voorheen Oranjekrag), Midshaft, Oviston, Teebus, Uitkeer en Vanderkloof.²

Die res van hierdie artikel is soos volg gestruktureer: Afdeling 2 gee 'n oorsig van literatuur oor Orania. Afdeling 3 verduidelik die historiese konteks van die omgewing waarbinne Orania geleë is. Afdeling 4 bespreek die "wortels" van die dorp. Afdeling 5 gee 'n kort oorsig van Orania in die huidige formaat sedert die dorp in 1991 deur die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) aangekoop is. Afdeling 6 bespreek Orania se strewe na selfbeskikking. Die gevolgtrekkings volg in Afdeling 7.

Literatuuroorsig

Uit hierdie literatuuroorsig blyk dat Orania as DvW-dorp nie die aandag van navorsers of die media getrek het nie. Die beskikbare literatuur dek hoofsaaklik die geskiedenis van Orania sedert 1991, nadat Avstig die dorp en omliggende grond (gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149) van die DvW aangekoop het.

Prof Carel Boshoff was die dryfveer agter Avstig se aankoop van Orania in 1991. In sy outobiografie bespreek hy die aankoop van Orania met die ideaal om die dorp tot 'n enklawe vir Afrikaner-selfbeskikking te ontwikkel.³

Sy suster, me Annatjie Boshoff, beskryf in haar outobiografie die vestiging van Orania na die aankoop en die ontwikkeling van die dorp as 'n Afrikaner-enklawe met die oog op selfbeskikking.⁴ Hierdie outobiografieë gee weinig aandag aan Orania se geskiedenis voor 1991.

Opperman se kort erfenisverslag handel oor residensiële ontwikkeling in Orania sedert 1991.⁵ Hy bevind dat prof Boshoff "... has realised this ideal with the creation

2 J Visser & M Visser, *Gariepdam: Toeka tot nou* (Privaat uitgegee deur Groep 7 Drukkers en Uitgewers (Edms) Bpk, 2022), p 5.

3 CWH Boshoff, *Dis nou ek: 'n Outobiografie* (Lapa Uitgewers, Pretoria, 2012), pp 384–389.

4 A Boshoff, *Van ossewa tot in Orania: Een lewe – en meer.* (Orania: Die Vryheidstigting, 2020), pp 75–280.

5 M Opperman, *The residential development on the farm Vluytjes Kraal Noord, Orania.* (s.j.), <https://sahris.sahra.org.za/sites/default/files/additionaldocs/THE%20HISTORY%20OF%20Orania.pdf>, besoek 2024-01-24.

and sustainable growth of Orania as 'Afrikaner' home",⁶ soos in die onderskeie outobiografieë beskryf word.

In haar MA-verhandeling ontleed Hagen verskeie aspekte van Orania, wat deurlopend in haar navorsing bespreek word. Haar verhandeling fokus op Orania as 'n verblyfopsie vir Afrikaners.⁷ Pienaar se MA-verhandeling fokus op Orania as 'n verblyfopsie vir Afrikaners. Sy gevolgtrekking is onder meer dat "... Orania in sekere opsigte suksesvol funksioneer ... (maar) ... 'n baie groter poging en ondersteuning van baie meer Afrikaners ... (sal) ... nodig wees om dit as groeipunt vir 'n volkstaat te laat slaag."⁸

Seldon se PhD-proefskrif fokus op die aard van Orania en bespreek die inwoners se oogmerke. Sy kom tot die gevolgtrekking dat "... Orania is a concrete response to the fear that there may not be a place for Afrikaners in South Africa's future, in the country to which they feel they belong and where their identity is rooted."⁹ Met die uitsondering van enkele aspekte van Hagen se navorsing¹⁰ soos elders bespreek word, fokus hierdie akademiese navorsing nie op die geskiedenis van die dorp voor 1991 nie.

Cavanagh bespreek gebeure in Orania nadat die dorp in 1991 deur Avstig aangekoop is, maar maak wel enkele opmerkings oor die dorp se oorspronklike oprigtingskoste.¹¹ Dit word elders in hierdie navorsing bespreek. De Beer ontleed die voorkeure van die inwoners van Orania teen 2005. Sy bevinding is dat "... a strong feature of the identity of the majority of the people of Orania is the premium they place on their freedom and self-determination in an own volkstaat."¹² Hierdie bevinding word deur Delvecki & Greiner ondersteun.¹³ Binne hierdie konteks

6 M Opperman, *The residential development...*, p 7.

7 L Hagen, "Place of our own": The anthropology of space and place in the Afrikaner Volkstaat of Orania" (MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika), 2013, p 121.

8 T Pienaar, "Die aanloop tot en stigting van Orania as groeipunt vir 'n Afrikaner-volkstaat" (MA-verhandeling in geskiedenis, Universiteit Stellenbosch), 2007, p ii, <https://scholar.sun.ac.za/server/api/core/bitstreams/36e2d88f-dfdc-43fc-a60c-f853763af941/content>, besoek 2024-01-22.

9 S Seldon, Orania and the reinvention of Afrikanerdom (PhD-thesis submitted in Social Anthropology, The University of Edinburgh), 2014, p iii, <https://era.ed.ac.uk/bitstream/handle/1842/14194/Seldon2015.pdf?isAllowed=y&sequence=4>, besoek 2024-01-22.

10 L Hagen, "Place of our...".

11 E Cavanagh, The history of dispossession and the politics of land restitution in South Africa, *Journal of Southern African Studies* 39(2), 2013, pp 391–407.

12 FC de Beer, Exercise in futility or dawn of Afrikaner self-determination: An exploratory ethno-historical investigation of Orania, *Anthropology Southern Africa* 29(3–4), 2006, p 109.

13 A Delvecki & A Greiner, Circling of the wagons?: A look at Orania, South Africa, *The American Geographical Society's Focus on Geography* 57(4), 2014, pp 164–173.

bespreek De Klerk ook die inwoners van Orania se selfbeskikkingsideaal.¹⁴ Veracini toon aan dat Afrikaners teen die 1980's beseef het dat die regering se beleid van rassesegegrasie misluk het. Gevolglik het verskeie groepe (onder meer Avstig) begin fokus op die vestiging van een of ander vorm van "volkstaat" vir Afrikaners.¹⁵

Kotze en Senekal analiseer die Twitter-platform om die openbare menings oor Orania te peil, hoewel hierdie navorsing nie die dorp se geskiedenis voor 1991 dek nie.¹⁶

N Kotze en mede-outeurs bespreek landbou-ontwikkeling as een faktor wat Orania se ekonomiese en bevolkingsgroei sedert 1991 ondersteun. Hierdie navorsers bespreek ook die stelsel van verblyfregansoeke wat op Orania geld, maar is verkeerd in hul opmerking dat hierdie gesag by die dorpsraad ('village council' in die oorspronklike teks) berus.¹⁷ Verblyfreg is 'n aangeleentheid wat deur die Verblyfregbeleidskomitee oorweeg word en nie deur die dorpsraad nie. Verblyfreg handel ook met die stelsel van volkseie arbeid en selfwerkzaamheid wat in Orania geld. Kragtens hierdie beleid mag net inwoners van Orania in die dorp werk, gebaseer op die idee dat 'n volk sy eie werk moet verrig. Majavu staan krities teenoor die beleid van volkseie arbeid en selfwerkzaamheid wat in Orania geld en is ook krities oor die verblyfregstelsel wat in Orania toegepas word.¹⁸

Rossouw het die jaarlikse persoonlike en huishoudelike inkomste, verbruiksbesteding en sake-omset van Orania teen 2021 beraam.¹⁹ Hierdie navorsing sluit aan by Joubert et al. se navorsing oor die Orania Spaar en Ko-operatiewe Bank (OSK Ko-operatiewe Bank) binne die konteks van Orania se ekonomiese ontwikkeling.²⁰

14 F de Klerk, *Orania – Van dorp tot stad: 'n Nuwe strategie* (Orania: Orania Beweging, 2014), pp 69–74.

15 L Veracini, Afterword: Orania as settler self-transfer, *Settler Colonial Studies* 1(2), 2011, p 190.

16 E Kotze & B Senekal, Employing sentiment analysis for gauging perceptions of minorities in multicultural societies: An analysis of Twitter feeds on the Afrikaner community of Orania in South Africa, *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa* 14(1), 2018, https://td-sa.net/index.php/td/article/view/564/883#CIT0021_564, besoek 2023-11-7, pp 23–33.

17 N Kotze, R Schoeman, S Carow & P Schmitz, Orania – 24 years after Apartheid: The sociopolitical reanimation of a small rural town in South Africa, in S Nedkov, G Zlezov, N Illieva, M Nikolova, B Koulov, K Naydenov & S Dimitrov (reds), *Smart geography: Key challenges in geography* (Springer, Cham. Aanlyn gepubliseer op 6 Oktober 2019), https://link.springer.com/chapter/10.1007/978-3-030-28191-5_17, besoek 2023-11-7.

18 M Majavu, Orania: A white homeland in post-apartheid South Africa, *Sociology Compass* 16(7), 2022, p 12.

19 J Rossouw, 'n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(4), 2023, pp 908–920.

20 F Joubert, A Laäs, A Laäs, J Rossouw & C Vermeulen, 'n Perspektief op Orania se OSK Ko-operatiewe Bank, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 62(4), 2022, pp 812–829.

Die OSK Ko-operatiewe Bank is ook verantwoordelik vir die uitreiking van Ora-koepons, wat die fokus van verdere navorsing deur Rossouw is.²¹ Hierdie navorsing dui onder meer aan dat Ora-koepons nie 'n geldeenheid genoem mag word nie weens die beperkings van die Wet op die SA Reserwebank.²² Wirz bespreek ook die ontwikkeling van Ora-koepons as Orania-gemeenskapsgeldeenheid. Wirz meld verder dat ontwikkelingsbesluite op Orania moet voldoen aan (i) die gemeenskap se strewe na ekonomiese selfstandigheid en (ii) die bevordering van ekologiese volhoubaarheid.²³

Senekal fokus op instellingsnetwerke binne Orania. Die dorp het verskeie netwerkverbindings, soos normaalweg in 'n dorp met 'n beperkte inwonertal die geval is.²⁴

Daar is enkele uitsonderings in die literatuur, waar sekere aspekte van Orania voor 1991 wel aandag geniet. Hagen bespreek die ontstaansgeskiedenis van die naam van Orania, soos elders in hierdie historiese oorsig in meer besonderhede bespreek word.²⁵ Senekal bespreek kortliks die ontwikkeling van Orania as 'n dorp onder beheer van die DvW en die verkoop daarvan aan Avstig. Senekal se belangrike bydrae is egter sy analise van 'n groot verskeidenheid mediabronne oor Orania sedert 1991, wat die fokus van sy navorsing is.²⁶

Stallebras bespreek die aankondiging en ontwikkeling van die Oranjerivier en verwante waterskemas. Hierdie waterskemas is van belang binne die konteks van die ontstaansgeskiedenis van Orania, omdat die dorp deur die DvW as deel van die skema ontwikkel is. Stallebras bespreek egter nie Orania nie.²⁷

Visser en Visser verwys na Orania as 'n Waterwesedorp binne die ontwikkeling van die groter Oranjerivier- en ander waterskemas. Hierdie outeurs dui aan dat

21 J Rossouw, Die ora se eerste 20 jaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 64(2), Junie 2024, pp 1–21.

22 Republiek van Suid-Afrika, Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet No. 90 van 1989, soos gewysig.

23 H Wirz, *Dr. Heinz Wirz met die Ora geldstelsel van Orania*, (Privaatpublikasie deur Heinz Wirz, Edenvale, 2008), p 5.

24 B Senekal, 'n Netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania, *LitNet Akademies (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)* 16(3), 2019, pp 1–24.

25 L Hagen, "Place of our..." p 46.

26 B Senekal, Die eerste 40 jaar van Orania, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61(2), 2021, pp 526–551.

27 JL Stallebras, The Orange River Project, *South African Journal of Science* 1963, pp 448–454 https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA00382353_2326, besoek 2023-11-29.

Orania een van verskeie dorpe is wat die DvW opgerig het as huisvesting vir waterwesewerke en hul gesinne.²⁸

Hierdie literatuuroorsig bewys dat Orania hoogstens binne die groter Oranjerivier Waterskema en verwante projekte ter sprake gekom het. Senekal se navorsing werp lig op sekere aspekte van Orania se geskiedenis voor 1991. Hy verduidelik dat Orania se oorsprong 'n waterwesedorp was, wat ontvolk het nadat die bouprojek aan waterverspreidingskanale tot 'n einde gekom het. Gevolglik is die dorp deur die DvW per tender te koop aangebied. Op hierdie wyse maak Senekal 'n bydrae tot die grondslag van hierdie historiese oorsig.²⁹ Hagen se opmerkings oor die naam van die dorp word ook in hierdie navorsing toegelig.³⁰ Laastens word die ontstaansgeskiedenis van Orania binne die konteks van Stallebras se navorsing oor die waterskema bespreek.³¹

Historiese konteks van Orania se omgewing

Uit 'n historiese oogpunt is dit duidelik dat die "wortels" van Orania verder terug as die aankooptransaksie van Avstig in 1991 te vinde is. Opperman beskryf die omgewing van Orania in historiese konteks en maak ook sekere opmerkings oor die plaas Vluytjeskraal waarop die dorp aangelê is. Volgens Opperman toon artefakte uit die omgewing dat jagter-versamelaars sowat 30 000 jaar gelede by geleentheid in die omgewing geswerf het. Daar is ook rotstekeninge wat aandui dat San/Boesmans uit die laat steentydperk (sowat 4 000 jaar gelede) in die omgewing aanwesig was. Rotstekeninge sluit mensfigure en verskeie diere in, onder meer elande, kameelperde, olifante, renosters, sebras, seekoeie en volstruise.³²

Lenggenhager & Miescher dui aan dat die Oranjerivier aanvanklik as die !Garibrivier bekend was.³³ !Garibrivier beteken rivier of groot rivier in die Khoisantal en word foneties met 'n klappgeluid en klem op die "G" uitgespreek. Groot verwarring bestaan oor die naam van die Oranjerivier. Omdat die kleur van die rivier se water dikwels teen die lig na 'n skakering van oranje lyk, aanvaar sommige mense dat dit die oorsprong van die rivier se naam is. Die

28 J Visser & M Visser, *Gariëpdam: Toeka tot...*, pp 185–186.

29 B Senekal, *Die eerste 40...*, pp 531–532.

30 L Hagen, "Place of our...", p 46.

31 JL Stallebras, *The Orange River...*, pp 448–454.

32 M Opperman, *The residential development...*, pp 1–8.

33 L Lenggenhager & G Miescher, Dividing, connecting, and complicating the hinterland: The lower !Garib/Orange River, in P Gupta, S Nuttall, E Peeren, en H Stuit (eds) *Planetary Hinterlands* (Palgrave Macmillan: Cham, 2024), p 65.

rivier ontspring uit die samevloeiing van die Sinqua-³⁴ en die Siquanyanrivier in die Drakensberge in Lesotho. In die Noord-Kaap was die rivier as die Gariep of "Grootrivier" onder die plaaslike Nama-bevolking bekend. Kolonel Robert Gordon van die Kaapse garnisoen het op 17 Augustus 1779 die monding van die rivier bereik en dit die Oranjerivier genoem ter ere van prins Willem V van Oranje.³⁵

Die San/Boesman en hul leefstyl in die omgewing van die huidige Orania is verdring deur die aankoms van trekboere uit die Kaapkolonie en die Griekwas. Die vroegste aanduiding van die teenwoordigheid van enige wit persoon in die gebied is 'n jaartal (1762) wat op rots uitgekerf is.³⁶ Ene mnr L Louw (voornaam onbekend) was reeds in 1810 in die Vluytjeskraal-omgewing, soos blyk uit 'n datum wat op 'n rots uitgekerf is.³⁷

In daardie tye het Trekboere seisoenaal heen en weer oor die Oranjerivier getrek op soek na beter weiding. In 'n poging om die proses van verdere gronduitbreiding te beheer, is die Kaap se grens in 1824 tot teen die Oranjerivier uitgeskuif.³⁸ Lenggenhager & Miescher verskil egter hieroor en dui aan dat die grens in 1848, tydens die bewind van sir Harry Smith as goewerneur van die Kaapkolonie, tot aan die Oranjerivier uitgebrei is.³⁹ 'n Kaart wat uit 1842 dateer, deur mnr. Fleetwood Rawstone, destyds die magistraat op Colesberg,⁴⁰ toon onder meer 'n drif deur die Oranjerivier by die plaas Vluytjeskraal.⁴¹ Earle et al. toon aan dat "(w)ith the rapid increase of the European population in the 19th century the transition from subsistence to commercial farming accelerated ...".⁴²

Mnr Stephen Ockert Vermeulen het die plaas Vluytjeskraal in 1882 gekoop. Vermeulen het sy aankoop op 'n klip uitgekerf, met die syfers 3952 – 4 – 5 (?) aangedui.⁴³ Dit kan moontlik 'n bedrag in £/s/d wees, wat destyds 'n driedelinge imperiale geldeenheid (pond, sjieling en pennies) was.⁴⁴

34 A Earle, D Malzbender, A Turton & E Manzungu, *A preliminary basin profile of the Orange/Senqu River* (gepubliseer deur INWENT in samewerking met die African Water Issues Research Unit, CIPS, Universiteit van Pretoria, 2005), p 1 dui die naam as Senqurivier aan.

35 A Earle, D Malzbender, A Turton & E Manzungu, *A preliminary basin...*, p 1.

36 M Opperman, *The residential development...*, pp 1–2.

37 M Opperman, *The residential development...*, p 2.

38 M Opperman, *The residential development...*, p 2.

39 L Lenggenhager & G Miescher, *Dividing, connecting, and...*, p 69.

40 G Tylden, *The British army in the Orange River Colony and vicinity, 1842–54*, *Journal of the Society for Army Historical Research* 18(70), 1939, pp 67–77.

41 M Opperman, *The residential development...*, p 2.

42 A Earle, D Malzbender, A Turton & E Manzungu, *A preliminary basin...*, p 10.

43 M Opperman, *The residential development...*, p 3.

44 J Rossouw, *Diamantjubiläum van desimalisasie: 60 jaar van Suid-Afrikaanse rand en sent*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(3), September 2020, pp 658–673.

Die imperiale geldstelsel was in algemene gebruik in die Kaapkolonie en die prysaanduiding kan dus £3 952/4s/5d wees. Die korrekte huidige waarde in reële terme van hierdie bedrag kan nie bereken word nie, want betroubare inflasiestatistiek vir Suid-Afrika is slegs van 1921 af beskikbaar. 'n Benaderde beraming is egter moontlik.

Indien aanvaar word dat die syfers 'n bedrag in Britse pond voorstel en dit vir desimalisasie in 1961 aangepas word, beloop die reële waarde sedert 1921 tans sowat R1,75 miljoen. Na die eerste inskripsie in 1882 het Vermeulen elke 10 jaar bevestig dat hy steeds lewe deur die datum op die klip uit te kerf. Sy kleindogter, me Baby Vermeulen, het op dieselfde klip uitgekerf dat Vermeulen op 12 April 1925 oorlede is.⁴⁵ Daarna is die plaas tussen sy vier kinders verdeel. In 1950 is gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 aan mnr Gideon Botha verkoop,⁴⁶ wat steeds hierdie gedeelte besit het toe die dorpsgebied wat vandag as Orania bekend is, vanaf 1963 daarop uitgelê is.

Die “wortels” van Orania in huidige formaat

Orania as Waterwesedorp

Die DvW het gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 in 1963 aangekoop met die doel om 'n dorp aan te lê. Hierdie dorp was aanvanklik bekend as die Vluytjeskraal-dorpsgebied.

Die dorp is na Orania herdoop, soos hieronder bespreek word. Voorts het hierdie naam net betrekking gehad op wat tans as Orania-oos en Orania-wes bekend is. Die dorpsgebied Kleingeluk was destyds as Groot Gewaagd bekend. Sommige bronne gebruik Grootgewaagd,⁴⁷ maar soos verder in hierdie artikel verduidelik word, word die spelling as twee woorde in hierdie navorsing verkies.

Volgens Cavanagh⁴⁸ het die boukoste van Orania R12 miljoen beloop.⁴⁹ Dit is onduidelik of:

45 M Opperman, *The residential development...*, p 4.

46 M Opperman, *The residential development...*, p 4.

47 B Senekal, *Die eerste 40...*, p 531–532.

48 E Cavanagh, *The history of...*, p 398.

49 Dit is problematies om hierdie bedrag in behoorlike historiese konteks te plaas. Dit is ook moeilik om 'n aanpassing van hierdie koste in reële terme vir inflasie te maak. Gevolglik is 'n eie berekening gemaak dat die reële waarde van R12 miljoen teen 1971 na aanpassing vir inflasie teen 2024 sowat R1 miljard beloop.

- (i) hierdie bedrag slegs konstruksie of grondaankoop (gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149) en konstruksie dek;
- (ii) die koste van Groot Gewaagd hierby ingesluit is; en
- (iii) teen watter jaar hierdie bedrag bereken is, hoewel dit waarskynlik ook oor meer as een kalender- of finansiële jaar spandeer is.

Vanaf 1963 tot 1990 was Orania 'n "Waterwesedorp", soos ook die geval was met ander dorpe wat in daardie tydperk langs die Oranjerivier aangelê is vir die ontwikkeling van die Oranjerivier en verwante waterskemas. Die Oranjerivier Waterskema en verwante waterskema-ontwikkelings is op 23 Maart 1962 deur die destydse minister van Waterwese, mnr PMK le Roux (algemeen bekend as PK le Roux) in die destydse senaat van die Suid-Afrikaanse parlement aangekondig.⁵⁰

Suid-Afrika het teen 1962 hoë ekonomiese groei ervaar. Die regering het inderdaad die vermoë gehad om groot te droom en groot te doen. Ongelukkig het die regering wat sedert 1994 in Suid-Afrika aan bewind is, hierdie vermoë op twee vlakke verloor: Die huidige regering kan nie meer doen nie, terwyl drome normaalweg in nagmerries ontfaan. Die jarelange probleme met Eskom se Kusile- en Medupi-kragstasies is blywende bewys hiervan.⁵¹

Stallebras is 'n bron vir meer inligting oor die Oranjerivier-waterskema en in 1963 het hy aangedui dat die projek "... will take thirty years or more to achieve and that it will cost an estimated R224 000 000. The work has been divided into six phases ...".⁵² Hy dui voorts aan dat die projek voor die einde van 1963 'n aanvang sal neem. Aangepas vir inflasie sedert 1963 is die oorspronklike kosteberaming in reële terme (2024) sowat R25 300 000 000 (R25,3 miljard).⁵³ Die skema soos in dit in 1962 aangekondig is, word in Figuur 2 aangedui.

Nadat die skema aangekondig is, is dit wel mettertyd afgeskaal. Drie groot damme is aanvanklik in die Oranjerivier beplan, maar weens kostebesparingsmaatreëls is net twee uiteindelik gebou. Die voorgestelde Torquaydam naby Douglas het nooit gematerialiseer nie.⁵⁴


50 J Visser & M Visser, *Gariepdam: Toeka tot...*, p 54.

51 *BusinessTech*, Fresh delays at Medupi and Kusile amid eye-watering costs, <https://businesstech.co.za/news/energy/635989/fresh-delays-at-medupi-and-kusile-amid-eye-watering-costs/>, besoek 2023-04-08.

52 JL Stallebras, *The Orange River...*, p 448.

53 Eie berekening.

54 CJ Swanevelder, Utilising South Africa's largest river: The physiographic background to the Orange River scheme, *GeoJournal*, Supplementary Issue 2: Southern Africa, 1981, p 40.



Figuur 2: Die Oranjerivier Waterskema en verwante projekte soos dit teen 1962 beoog is. (Bron: Stallebras, 1963:451.)

Benoeming van damme en kanale

Stallebras toon aan dat die Gariëpdam naby Colesberg aanvanklik as die Ruitgevalleïdam beplan is.⁵⁵ Die dam is voor voltooiing as die Hendrik Verwoerddam herbenoem en op 1 April 1995 is die naam na Gariëpdam verander.⁵⁶

Die benoemingsgeskiedenis van die Vanderkloofdam naby Orania is meer omstrede as die Gariëpdam. Hierdie dam was in die beplanningsfase bekend as die Van der Kloof-dam,⁵⁷ maar is herbenoem as die PK le Roux-dam na die minister wat die skema aangekondig het. Hierdie dam se naam is ook op 1 April 1995 verander, terug na Vanderkloofdam, maar in hierdie geval gespel as een woord. In Mei 2018 het die destydse minister van Energiesake, mnr Jeff Radebe, aangekondig dat die Suid-Afrikaanse regering van voorneme is om die dam in

55 J.L. Stallebras, *The Orange River...*, p 451.

56 B Senekal, *Die eerste 40...*, p 531.

57 Republiek van Suid-Afrika (RSA), *Oranjerivier-projek: Suid-Afrika tem 'n groot rivier* (uitgegee deur die Departement van Inligting: Pretoria, 1968).

September 2018 na mnr Nelson Mandela te herbenoem.⁵⁸ Die Vryheidsfront Plus het hierdie voorstel skerp gekritiseer⁵⁹ en dit is nooit geïmplementeer nie. Uit Suid-Afrika se geskiedenis sedert 1994 is dit duidelik dat benoemings, name en herbenoemings tot groot ontevredenheid lei. Regeringsveranderinge in Suid-Afrika lei tot naamsveranderinge. Een voorbeeld is Robert's Heights naby Pretoria wat tot Voortrekkerhoogte herbenoem is, maar waarvan die naam na 1994 na Thaba Tshwane verander is. Ander voorbeelde is die Jan Smuts-lughawe naby Kempton Park, wat tans die Oliver R Tambo International Airport (ORTIA) heet en die Vanderkloof- en Gariëpdam waarvan die name verander het.

Die stelsel van besproeiingskanale wat as deel van die Oranjerivierskema ontwikkel is, is van belang vir dorpsvestiging op gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 en daarom ook vir die geskiedenis van Orania. Werkers in Orania was hoofsaaklik werksaam op twee besproeiingskanale uit die Vanderkloofdam. Hoewel Orania op die suidelike oewer van die Oranjerivier aangelê is, is hierdie kanale aan die noordekant van die rivier. Ouer bronne verwys na hierdie kanale as die Van der Kloof-kanaalstelsel.⁶⁰ Latere bronne meld die name as die Sarel Hayward-kanaal en die Rama-kanaal (volgens Boshoff,⁶¹ maar Ramah-kanaal volgens Visser en Visser⁶²). Die Sarel Hayward-kanaal is later as die Oranje-Rietkanaal hernoem.⁶³ Hierdie herbenoeming herinner aan die opmerking hierbo oor die herbenoeming van die damme in die rivier.

Die aard van Orania as Waterwesedorp

Toe die Vluytjeskraal-dorpsgebied in 1963 ontwikkel is, was Suid-Afrika midde-in 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling. Hierdie beleid het onder meer woonbuurtsegregrasie vir verskillende rassegroepe voorgeskryf. Mnr Piet Visagie⁶⁴

58 L Dentlinger, Woza Mandela Fridays, *Eyewitness News*, 2018-05-08, <https://ewn.co.za/2018/05/08/nelson-mandelas-legacy-to-be-commemorated-every-last-friday-of-the-month>, besoek 2024-01-24; en B Malobola, Programs to mark centenary celebrations of Sisulu, Mandela unveil, *SAUK Nuus*, 2018-05-08, <https://www.sabcnews.com/sabcnews/programs-to-mark-centenary-celebrations-of-sisulu-mandela-unveil/>, besoek 2024-01-24.

59 *City Press*, It's 'stealing history' to rename Vanderkloof Dam after Mandela, says FF Plus, 2018-05-10, <https://www.news24.com/citypress/news/its-stealing-history-to-rename-vanderkloof-dam-after-mandela-says-ff-plus-20180510>, besoek 2024-01-12.

60 RSA, *Oranjerivier-projek: Suid-Afrika...*, p 4.

61 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, p 385.

62 J Visser & M Visser, *Gariëpdam: Toeka tot...*, p 133.

63 J Visser & M Visser, *Gariëpdam: Toeka tot...*, pp 185–186.

64 Telefoniese gesprek: JJ Rossouw – P Visagie, 16 en 17 Januarie 2024. Mnr Visagie was vanaf 1963 op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 teenwoordig. Hy was 'n ingenieursassistent en opmeter by die DvW.

was saam met mnr Jaap Heiner, ene mnr Badenhorst (voornaam onbekend) en een tekenaar verantwoordelik vir die opmeetwerk van die Vluytjeskraal-dorpsgebied. Volgens Visagie het die DvW voorsiening gemaak vir die Vluytjeskraal-dorpsgebied (later Orania) vir wit inwoners (personeel van die DvW en hul gesinne), 'n nabygeleë bruin woonbuurt met die naam Groot Gewaagd (tans Kleingeluk) vir bruin personeel van die DvW en hul gesinne en 'n kampong vir swart werkers. Daar was 'n laerskool in Orania en 'n primêre skool in Groot Gewaagd om in die skoolonderrigbehoefte van die onderskeie bevolkingsgroepe se laerskoolleerders te voorsien. Die geboue wat die laerskool en die primêre skool gehuisves het, het aan die DvW behoort en is volgens Visagie aan die onderskeie onderwysdepartemente verhuur.

Argivale rekords by die Argief van die Wes-Kaapse regering in Kaapstad werp lig op enkele aspekte van skoolonderrig in Orania. 'n Uitgawe bewysstuk gedateer 18 Junie 1969 in die dokumentebundel toon dat die destydse Departement van Kleurlingsake die skoolgebou in die bruin woongebied op daardie tydstip teen R1 046,92 per jaar van die DvW gehuur het.⁶⁵ Aangepas vir inflasie tot 2024 is dit sowat R100 000. Die huurgeld het die koste van elektrisiteit, skoonmaakdienste en watervoorsiening ingesluit. In 'n brief gedateer 25 April 1969 onderteken deur mnr HW (Norman) Lansdell (destyds die plaaslike ingenieur van die DvW op die dorp) aan die destydse Sekretaris van Kleurlingsake in dieselfde dokumentebundel,⁶⁶ word aangetoon dat die oprigtingskoste van die laerskoolgebou in Groot Gewaagd R18 350 beloop het (sowat R1,76 miljoen na inflasie-aanpassing). Die oppervlakte van die skoolgebou word as 4 001 vierkante voet (sowat 400 vierkante meter) aangedui.

In dieselfde dokumentebundel⁶⁷ is 'n brief gedateer 27 Augustus 1968 wat aan die destydse Streeksverteenvoordiger van Kleurlingsake (geen naam verskaf nie) gerig is en onderteken namens die destydse Sekretaris van Kleurlingsake. In hierdie brief word gemeld dat "(g)eliewe kennis te neem dat bogenoemde skool voortaan amptelik bekend sal staan as 'Grootgewaag Laerskool'". 'Grootgewaag' is as naam gebruik en nie Grootgewaagd of Groot Gewaagd nie. Die verskil in benaming is te wyte aan 'n aanbeveling gedateer 18 Julie 1968 in dieselfde dokumentebundel⁶⁸ deur die destydse Streeksverteenvoordiger van Kleurlingsake aan die destydse Sekretaris van Kleurlingsake, waarin Grootgewaag (die wisselvorm) aanbeveel is.

65 Western Cape Archives and Records Service (WCARS), Kaapstad, KUS11607/2/1/E2244, Daarstelling/sluiting. Grootgewaag Laerskool, Fluitjieskraal, 1968–1969.

66 WCARS, KUS11607/2/1/E2244 1968–1969.

67 WCARS, KUS11607/2/1/E2244 1968–1969.

68 WCARS, KUS11607/2/1/E2244 1968–1969.

Die Vluytjeskraal-dorpsgebied en ook Orania (nadat die naam aanvaar is), was onder sommige inwoners as “Die Kamp” bekend. Volgens Visagie was die hele dorp omhein, het aan die DvW behoort en is dit as sodanig bestuur. Hy dui aan dat die woonbuurt wat vandag as Orania-oos bekend is, destyds Groot Kamp genoem is. Orania-wes is destyds Klein Kamp genoem, omdat dit kleiner was.

Volgens Visagie is 'n mengerstasie op Orania opgerig waar sement gemeng is wat vir die bouwerk aan die infrastruktuur en strate op die dorp gebruik is. Dit het bouwerk vir die fondasies van opslaanhuise ingesluit. Gevolglik moes die dorp oor ingenieursdienste beskik wat aspekte soos die mengerstasie en die bouprojek kon ondersteun.

Weens die beperkte literatuur oor Orania voor 1991 en die gebrek aan sekondêre bronne, was die opsporing van inwoners van Orania voor die aankoop deur Avstig in 1991 (soos Visagie) die aangewese navorsingsmetodologie wat vir hierdie aspek van hierdie artikel gevolg kon word. Telefoniese onderhoude is met vorige inwoners gevoer wat by naam aangedui word. Hierdie persone het ingestem tot hul identifikasie in hierdie navorsing. Aspekte wat in sekere gesprekke geopper is waarvoor onsekerheid kan bestaan, is in ander gesprekke geverifieer.

Mnr Jan Langenhoven het vanaf 1972 tot 1986 op Orania gewoon. Langenhoven dui aan dat daar sprake van “twee Oranias” is tydens die DvW se beheer van die dorp. Nadat die Rama(h)-kanaal voltooi is, het waterwesewerkers die dorp verlaat. Huise op die dorp is tydelik aan eienaars van besproeiingsplote in die omgewing verhuur, wat huise op hul eie grond moes bou. Daarna het bouwerk aan die Sarel Hayward-kanaal 'n aanvang geneem, wat tot gevolg gehad het dat die boere se huurkontrakte beëindig is en waterwesepersoneel na Orania teruggekeer het vir verdere bouwerk. Langenhoven se verduideliking is dat werk aan die Oranje-Rietkanaal (voorheen Sarel Hayward-kanaal) begin het sowat vier jaar nadat die bouwerk aan die Rama(h)-kanaal afgehandel is, maar daar was baie minder inwoners as tevore op die dorp. Die laerskool in Orania wat vier jaar tevore gesluit is, is byvoorbeeld nie weer heropen nie.⁶⁹

Volgens Visagie is die ontwerp van die dorp gedoen terwyl hy, Heiner, Badenhorst en 'n tekenaar nog by die Vetkanale naby Theunissen gestasioneer was. Op daardie stadium was Lansdell, wat later aangestel is as die plaaslike ingenieur van die DvW by die Vluytjeskraal-dorpsgebied, ook by die Vetkanale werksaam. Lansdell

69 Telefoniese gesprek: JJ Rossouw – J Langenhoven, 15 Januarie 2024. Mnr Langenhoven was vanaf 1972 tot 1986 op Orania woonagtig en werksaam by die destydse DvW.

was in beheer van die ontwerp van die dorp. Eggenotes van werknemers by die Vetkanale het voorstelle vir ontwerpe, onder meer vir huise, ingedien, waaruit vyf huisontwerpe gekies is. Op hierdie wyse is verseker dat al die huise nie presies eenders gelyk het nie.

Oor die keuse van straatname vir die Groot en Klein Kamp, dui Visagie aan dat dit destyds die DvW se praktyk was om op 'n tema vir straatname te besluit. Lansdell het besluit om die strate na edelgesteentes en halfedelgesteentes te noem, maar Visagie weet nie wat die inspirasie vir hierdie besluit of dié vir straatname in Groot Gewaagd was nie.

Volgens Visagie is verskillende terreine vir dorpsaanleg oorweeg voordat die keuse op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 geval het. Een terrein was op 'n plaas tussen die huidige Orania en Hopetown. 'n Tweede terrein was by Kraankuil tussen die huidige Orania en Petrusville. Die derde terrein was aan die Kaapprovinsie se kant van die Havenga-brug oor die Oranjerivier. Die destydse sekretaris van die DvW,⁷⁰ mnr JM Jordaan,⁷¹ het die gebied besoek en die drie terreine oorweeg. Hy het egter teen al drie besluit en die kliprif tussen die huidige Orania-oos en Kleingeluk as die ligging van die Vluytjeskraal-dorpsgebied geïdentifiseer.

Visagie dui verder aan dat Lansdell van Jordaan verskil het, maar Jordaan het geen teenstand geduld nie. Lansdell se argument was dat inwoners van die dorp grond vir tuinbou om hul huise sou verkies, eerder as huise op 'n kliprand. Na Jordaan se vertrek terug na Pretoria, het Lansdell opdrag gegee dat permanente strukture soos die gemeenskapsaal, dorpskantore en werkekantore op die kliprif gebou moes word, maar dat die dorp se woonhuise op bewerkbare grond onder die kliprif uitgelê word.

Volgens Visagie was die R369 destyds 'n grondpad en die dorp is beide kante van die pad aangelê ten einde genoeg plek te voorsien vir al die huise wat gebou moes word. Die R369 is geteer na die aanleg van die Vluytjeskraal-dorpsgebied; eers rigting Petrusville en daarna rigting Hopetown. Tussen die Groot Kamp (vandag Orania-oos) en die Oranjerivier was 'n ander tydelike dorp wat vir werkers van die Bodemopnamekantoor opgerig is. Hierdie dorp is egter gesloop na die voltooiing van die bodemopnames en grondontledings.

70 Die Sekretaris van 'n staatsdepartement was destyds die mees senior amptenaar in die betrokke departement.

71 Daar bestaan onsekerheid oor Jordaan se voorletters.

Visagie het verduidelik dat hy en Heiner die eerste amptenare van die DvW was wat op Vluytjeskraal gevestig het. Die plaas het destyds steeds aan Botha behoort en Visagie en Heiner het in 'n tent op die grond gewoon. Hulle het aanvanklik beplan om die dorp met dubbellaanstrate met middelmannetjies uit te lê, wat onder meer die gebruik van stopstrate sou uitkakel. Gevolglik is die meeste strate uitgemeet met 'n normale grootte sypaadjie aan die een kant en 'n besonder wye sypaadjie aan die ander kant, waarop 'n tweede laan vir verkeer mettertyd gebou kon word. Hierdie deel van die beplande projek is egter nooit uitgevoer nie.

Orania het 'n maandelikse koerant, *Orania Nuus*, gehad wat Visagie en sy vrou uitgegee het en wat nuusgebeure op die dorp gedek het. Die koerant is maandeliks by die DvW se kantoor op Orania geliasseer vir rekordhouding, maar hierdie rekords het nie op Orania behoue gebly nie. Dit is onduidelik of hierdie historiese rekords nog bestaan.

Benoeming van Orania

Mnr Joe Coetzee⁷² se ouers het op Orania gewoon en hy was vanaf 1966 daar in die laerskool. Coetzee verduidelik dat die blanke inwoners in die omgang die naam Vluytjeskraal of Die Kamp vir die dorp gebruik het, terwyl swart inwoners na die dorp as Orika (foneties as órika, met 'n "O"-klank soos in Oranjerivier en met die klem op die "i"-klank) verwys het.

Visagie het die naam Orika en die gebruik van "Die Kamp" verduidelik en het deurgaans verwys na die dorp as 'n "kamp", want die gesag van die DvW het aldaar gegeld en die dorp was afgekamp met toegangshekke. Visagie het die opmerking in Hagen⁷³ se navorsing bevestig dat die dorp se naam verander het nadat "... a local engineer organised a competition for the selection of a suitable name" Volgens Visagie was Lansdell die dryfkrag agter die kompetisie vir die nuwe naam.

Visagie het egter van Hagen⁷⁴ oor die uitkoms van die kompetisie verskil. Hagen⁷⁵ het aangevoer dat die naam Orania die gevolg van die kompetisie was. Hierteenoor het Visagie gemeen dat die wenner van die kompetisie vir 'n nuwe naam Lansdell se vrou was. Vandag sal só 'n uitkoms van enige kompetisie vraagtakens laat oor

72 Telefoniese gesprek: JJ Rossouw – J Coetzee, 15 Januarie 2024. Mnr Coetzee was as 'n kind op Orania woonagtig en daar op skool.

73 L Hagen, "Place of our..." p 46.

74 L Hagen, "Place of our..." p 46.

75 L Hagen, "Place of our..." p 46.

nepotisme, maar dit is buite die bestek van hierdie navorsing. Volgens Visagie het mev. Lansdell Orika as naam voorgestel, wat afgelei is van Oranjerivierkanaalskema. Dit verklaar die gebruik van hierdie naam deur sekere inwoners, soos bo vermeld.

Visagie het ook verduidelik dat hierdie naam deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor verwerp is omdat daar destyds 'n ander Suid-Afrikaanse Poskantoor was (klaarblyklik Erika) waarvan die naam volgens die poskantoor té naby aan Orika was. Die naam Orania is daarna vir die dorp (waterwesekampe) gebruik, maar Visagie weet nie wat die oorsprong of simboliek van die naam is nie.

'n Dokumentebundel⁷⁶ by die Nasionale Argief in Pretoria werp lig op die keuse van Orania as naam vir die dorp. Die Suid-Afrikaanse poskantoor se afdelingskontroleur vir die Noord-Kaap (ene mnr. Rautenbach) het op 23 Maart 1966 in 'n brief aan die posmeester op Hopetown navraag gedoen oor die wenslikheid van die vestiging van 'n posagentskap op die nuwe dorp wat die DvW op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 ontwikkel het. Hierdie brief vra 'n mening oor sodanige vestiging op Orika, maar dit is duidelik dat Orika op 'n latere tydstip in die brief uitgekrap en met Orania vervang is. Die wysiging is ongedateer.

Dieselfde dokumentebundel⁷⁷ bevat ook 'n motivering deur die destydse afdelingskontroleur vir die Noord-Kaap (naam onbekend), gedateer 11 Maart 1966, vir die verlenging van die Hopetown-Oranjerivierstasie se telefoonhooflyn ten einde 'n sentrale en telefoonlyne vir Fluitjieskraal (tans Orania) teen 'n beraamde koste van R2 800 te verskaf. Aangepas vir inflasie tot 2024 beloop die beraamde koste sowat R292 000. Die motivering meld onder meer dat die dorpsuitleg op daardie tydstip vir 120 woonhuise vir wit waterwesepersoneel en hul gesinne voorsiening gemaak het. Daar is ook vir kantore vir die departemente van Arbeid, Bantoe Administrasie en Ontwikkeling, Lande en Waterwese, die poskantoor en die SA Polisie voorsiening gemaak, waarvoor die einde van 1967 as datum van voltooiing in die vooruitsig gestel is. Die motivering meld ook dat "(d)ie dorp sal, soos tans beplan, 'n lewensduur van 15 tot 20 jaar hê, waarna dit ongewyfeld 'n gedaanteverwisseling sal ondergaan as gevolg van die invloed wat die private sektor op die gebied sal uitoefen." Dieselfde dokument meld ook:

Dit is die wens van mnr. Jordaan, die sekretaris van Waterwese, dat die poskantoor en die dorp as ORIKA bekend moet staan, en 'n ingevulde

76 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, PMG vol. 421, file nr. 2F1B/8271/66: Stigting van Posorderagentskapkantoor te Orania, 1966–1968.

77 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

vorm OKW 270 ten opsigte van hierdie benaming gaan hierby vir verdere behandeling, asseblief. Indien hierdie benaming, om een of ander rede, nie as geskik beskou word nie, sal verdere alternatiewe benamings voorgestel word.

Die betrokke vorm OKW 270 is egter nie in die dokumentebundel nie. Afgesien van Orika, is Driedorings en Fluitjieskraal as alternatiewe voorgestel. Voltooiende vorms U.E. 270 (gedateer 2 Junie 1966) in die dokumentebundel motiveer Driedorings as “(d)it is afkomstig van ’n doring-agtige en lae struik wat algemeen in hierdie gebied voorkom.” ’n U.E. 270-vorm van dieselfde datum motiveer Fluitjieskraal as “(k)om van die plaas, nl. Vluytjieskraal waarop die kampdorp tans gebou word” (sic).

Die dokumentebundel⁷⁸ toon dat die waarnemende assistentposmeester-generaal, poswese, die afdelingskontroleur, Noord-Kaap, op 15 Julie 1966 ingelig het dat “(n)ie een van die drie voorgestelde name ... (vir die dorp) ... is aanneemlik nie aangesien hulle met bestaande plekname verwar kan word.” Naamverwarring van poskantore was destyds ’n probleem, omdat Suid-Afrika eers op 8 Oktober 1973 poskodes vir straatadresse in stede/dorpe en vir poskantore in gebruik geneem het.⁷⁹

Verdere korrespondensie in dieselfde dokumentebundel toon ’n gebrek aan alternatiewe name nadat die drie vorige voorstelle onaanvaarbaar bevind is.⁸⁰ Gevolglik het Lansdell eers op 21 Oktober 1966 in ’n brief aan die posmeester op Hopetown vyf verdere ander name vir oorweging voorgelê. In die brief meld Lansdell: “(m)nr Karshagan van die poskantoor, Kimberley, was op 14 Oktober 1966 by ondergetekende aan omtrent moontlike name van ons Kampdorp. Daar was toe die volgende name aan hom verstrekk: Kanalia, Orania, Orika, Wateraar en Waterbron.” Lansdell het egter aangedui dat Orika steeds die voorkeur naam was. Die brief verskaf nie enige motivering vir hierdie name nie. In die dokumentebundel⁸¹ is voltooiende (maar ongedateerde) U.E. 270-vorms wat dieselfde motivering vir die name Kanalia, Wateraar en Waterbron gee, naamlik “die voorgestelde poskantoor is geleë by die kampdorp van die Departement Waterwese, waarvandaan die bou van die kanaalstelsel vanaf die Vanderkloofdam beheer word. Die benaming is kunsmatig ontwerp.”

78 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

79 Republic of South Africa, *Official Yearbook of the Republic of South Africa* (Departement van Inligting, 1978), p 445.

80 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

81 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

In dieselfde dokumentebundel⁸² is 'n memorandum gedateer 18 Januarie 1967 wat deur die assistentposmeester-generaal, personeel en algemeen (naam onbekend) onderteken is, wat aantoon dat Orania as naam vir die dorp onder verdere oorweging was. Na oorweging is dit egter met 'n versoek vir verdere verduideliking vir die oorsprong van die naam terugverwys, onder meer omdat die naam nie Afrikaans is nie en kunsmatig geskep is. In 'n handgeskrewe nota in dieselfde dokumentebundel⁸³ wat datumstempels van 26 en 28 Januarie 1967 en 1 Februarie 1967 (van verskillende kantore) toon, word verklaar dat: "(d)ie naaste punt van die Kampdorp aan die Oranjerivier is ½ myl en die verste punt is 1¾ myl. Die 'Oran' verwys na die rivier en die 'ia' is kunsmatig byvoeg om die naam strelend of welluidend te laat klink" (sic). Voorts meld dieselfde nota dat "(t)he name 'Orania' has been formulated presumably on a similar basis as that applicable to the name of the 'Transvalia' office in Pretoria." Orania as naam vir die dorp is na hierdie motivering goedgekeur.


Visagie verduidelik dat die bruin woonbuurt wat op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 ontwikkel is, die DvW se eerste buurt van hierdie aard was. Die ontwikkeling is as 'n groot waagstuk beskou, wat tot die naam Groot Gewaagd gelei het. Volgens Visagie is die naam in die 1960's as twee woorde geskryf en dieselfde praktyk word in hierdie navorsing gebruik. Oor die onderwerp van spelling, verduidelik Visagie ook dat Ramah die korrekte spelling van die betrokke kanaal se naam is. Die kanaal is vernoem na die plaas Ramah, waarop die kanaal eindig.

'n Posagentskap met die naam Orania is op 18 Julie 1967 op die dorp geopen. 'n Ander dokumentebundel⁸⁴ by die Nasionale Argief in Pretoria bevat 'n memorandum gedateer 28 Julie 1967 waarin die (destydse) afdelingskontroleur Noord-Kaapland (naam onbekend) motiveer dat die posagentskap op Orania tot 'n poskantoor opgegradeer word. Ter ondersteuning word verduidelik dat Orania op daardie tydstip reeds 68 wit gesinne in woonhuise gehuisves het, met 158 wit inwoners. Altesaam is 120 tydelike en 35 permanente woonhuise in die vooruitsig gestel. Op daardie tydstip was daar 368 swart inwoners in die kampong en 50 woonhuise in Groot Gewaagd is deur bruin gesinne bewoon. Die memorandum verskaf ook 'n kaart van Orania teen 1967, wat in Figuur 3 uitgebeeld word. Die posagentskap is vanaf 1 November 1967 tot 'n poskantoortak opgegradeer.

82 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

83 NASA, PMG vol. 421, 1966–1968.

84 NASA, Pretoria, PMG vol. 468, file nr. 2F2B/13697/67: Orania, Hopetown – Stigting van Poswisselkantoor, 1967.



Figuur 3: Uitleg van Orania teen 1967.

(Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria, PMG vol. 468, lêer nr. 2F2B/13697/67: Orania, Hopetown – Stigting van Poswisselkantoor, 1967.)

Geestelike versorging op Orania

Coetzee se herinnering is dat slegs een kerkgenootskap elke Sondag 'n erediens vir die blanke gemeenskap gehou het. Visagie dui aan dat ds Pikkie Ludick die eerste en ene ds Köhn die tweede leraar van die kerk op Orania was. Volgens Visagie het selfs die Japanese inwoners Sondae die erediens bygewoon, hoewel hulle dit nie kon volg nie.

Navrae by die NG Kerk-argief in Stellenbosch⁸⁵ het aan die lig gebring dat ds BJ Fourie van 1976 tot 1978 mede-leraar van die NG Kerk-gemeente Hopetown

⁸⁵ E-pos-korrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke: JJ Rossouw – A Kok, argivaris van die NG Kerk-argief in Stellenbosch, 24 Januarie 2024.

was, met standplaas Orania. Ds JP Mostert was vanaf 1984 tot 1992 'n leraar van die NG Kerk-gemeente Hopetown. Orania was aanvanklik Mostert se standplaas, maar hy is in 1985 na Hopetown verskuif. Die verskuiwing was nodig weens die onsekere toekoms (reeds op daardie tydstip) van Orania. Dit is onduidelik of hierdie verskuiwing verband gehou het met die tydelike afskaling van werk nadat die Rama(h)-kanaal voltooi is. Mostert het na sy verskuiwing steeds die dorp vanuit Hopetown bedien.

Langenhoven en Visagie meld dat die DvW die boumateriaal vir 'n NG-kerkgebou beskikbaar gestel het. Dit was egter die gemeenskap se verantwoordelikheid om 'n kerkgebou op te rig en daar is besluit om dit op die terrein van die laerskool op te rig. Volgens Langenhoven en Visagie het lede van die gemeenskap ná werkure en oor naweke vrywillig aan die kerk se bouwerk deelgeneem.

Huisvesting en dorpsreëls van Orania

Visagie verduidelik dat die algemene historiese opvatting dat al die inwoners van Orania op die kanaalskema gewerk het, verkeerd is. Volgens hom het sekere van die inwoners op die hidro-elektriese skema by Vanderkloofdam gewerk. Dit het Japanese werkers ingesluit.

Volgens Coetzee het alle inwoners op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 hul behuising van die DvW gehuur. Hy onthou egter net die maandelikse huurbedrag vir blanke gesinne. Die huur het R7,00 per maand beloop (in reële terme R790,00 teen 2024), wat die gebruik van een 100 pond (sowat 45 kilogram) gassilinder ingesluit het. Oor die onderwerp van behuisingsvoorsiening toon Visser en Visser⁸⁶ aan dat “... daar in Orania se waterverspreiding voorsiening gemaak is sodat daar na elke huis twee waterstelsels aangelê is: een met rivierwater vir die tuin en een vir gesuiwerde water vir huis-gebruik.”

Mnr Cloete Rossouw⁸⁷ het by die DvW gewerk en vanaf 1984 tot 1987 op Orania gewoon. Volgens Rossouw het baie streng dorpsreëls (kampreëls) op Orania gegeld. Die dokument met reëls is in elke huis agter die agterdeur aangebring. In die algemene omgang was die reëls as *Lansdell se Bybel* bekend. Visagie het die bestaan en die aard van dorpsreëls bevestig. Die reëls het onder meer bepaal dat elke huishouding:

86 J Visser & M Visser, *Gariëpdam: Toeka tot...*, p 191.

87 Telefoniese gesprek: JJ Rossouw – C Rossouw, sweiser en later ambagsvoorman op Orania en van 1984 tot 1987 aldaar woonagtig, 19 Januarie 2024.

- (i) slegs een reunhond mag aanhou;
- (ii) slegs een mannetjieskat mag aanhou;
- (iii) slegs twaalf geveerde diere mag aanhou.

Die dorpsreëls het ook bepalings oor die algemene gedrag van die inwoners ingesluit. Geen huispartytjies is toegelaat nie. Partytjies is slegs by die gemeenskapsaal of by die ontspanningsoord⁸⁸ teen die Oranjerivier toegelaat. Kinders moes saans teen 22:00 “inhuisig” wees. Volgens Visagie was daar algemene ondersteuning en aanvaarding van die dorpsreëls, want dit het gesorg dat Orania ’n skoon en ordentlike dorp was waarop al die inwoners trots kon wees.

Inwoners was verantwoordelik vir die netheid van hul erwe en tuine. Onnet erwe is geïdentifiseer en teen ’n koste van R10 opgeruim. Na opruiming is hierdie bedrag van die betrokke DvW-amptenaar se maandelikse salaris verhaal. Rossouw verduidelik dat inwoners wat nie aan die dorpsreëls gehoor gegee het nie, uitgesit kon word en die dorp (kamp) belet word.

Nadat bouwerk aan die kanaalskema voltooi of afgeskaal is, het Orania ontvolk en die dorp het verval. Die DvW het die dorp “... aan elke ander departement aangebied, want die strukture was sterk”.⁸⁹ Daar was egter geen belangstelling nie en strukture op die dorp is “... toe maar afgebreek en die materiaal is verkoop. Wat oorgebly het, is op tender uitgesit ...” om verkoop te word.⁹⁰ Orania was in ’n gehawende toestand toe Avstig gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 met die dorp aangekoop het en die ontwikkeling as ’n Afrikaner-enklawe ’n aanvang geneem het. As Avstig of ’n ander party nie die dorp aangekoop het nie, kon dit heeltemal verval het soos die voormalige diamantdorp Kolmanskop naby Lüderitz in die suide van Namibië. Toerisme is vandag Kolmanskop se enigste waarde.

Orania sedert 1991

Avstig (tans bekend as die Orania Beweging) is op 21 Maart 1988 gestig met die oogmerk om ’n volkstaat vir die Afrikaner te verweselik.⁹¹ Volgens Boshoff⁹² het ander organisasies dieselfde oogmerk gehad, maar nie een het die oogmerk van grondgebied met die oog op selfbeskikking vir Afrikaners verwesentlik op die skaal van Orania nie.

88 Die ontspanningsoord is tans as Aan-de-Oewer bekend.

89 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, p 385.

90 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, p 385.

91 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, pp 362–366.

92 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, p 366.

Hoewel daar in die algemene spreektaal verwys word na die aankoop van Orania, het Avstig gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 van die DvW aangekoop, waarop Orania aangelê is. Destyds was die dorp verwaarloos en vervalle. Volgens Boshoff⁹³ was daar “... 270 restoureerbare woonhuise ...” op Orania ten tyde van die dorp se aankoop deur Avstig, wat huise in die toenmalige Groot Gewaagd ingesluit het. Ten spyte van goeie infrastruktuur, was grootskaalse opknapping van Orania en behuisung op die dorp noodsaaklik.

Avstig het die grond binne 'n aandeelblokskema geregistreer en eiendom word binne die skema verkoop. Ander voorbeelde van aandeelblokskemas is Eersterivierstrand en Heidestrand in die Oos-Kaap, Kleinfontein in Gauteng en Vleesbaai in die Wes-Kaap.

Nadat gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 aangekoop is, is die plaas Vluytjeskraal gedeelte 272 in November 1991 aangekoop om die totale grondgebied uit te brei. Daarna is gedeelte 2 van Vluytjeskraal 151 (Reata-grond) wat grens aan die oorspronklike gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 aangekoop. Gedeelte 272 is in 48 landbouhoewes verdeel en staan as Die Hoewes bekend.

Die restant van gedeelte 3 en gedeelte 14 van die plaas Vluytjeskraal 149 staan as Vluytjeskraal-Noord bekend. Die geregistreerde eienaar van die grond is Vluytjeskraal Noord Boerdery en Ontwikkeling Beperk (VKN B&O), wat voorheen bekend gestaan het as Vidivision Beperk. Vluytjeskraal-Noord word vir behuisung en landbouoeeleindes gebruik. Figuur 4 illustreer die dorpsgebied en omliggende grond wat aan die dorp grens.⁹⁴

In Figuur 4 is gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 hoofsaaklik as woongebied aangedui, met ander woorde die dorp Orania. Vluytjeskraal gedeelte 272 word as landbouhoewes en landbou-area met 'n verdere woonbuurt aangedui. Vluytjeskraal-Noord word aangetoon as landbou-area met 'n woonbuurt teen die Oranjerivier aangedui. Gedeelte 2/151 word teen gedeelte 272 as 'n landbou-area aangedui.

Al Orania se inwoners is Afrikaanssprekend en die meerderheid onderskryf die dorp se strewe na en ideaal van Afrikaner-selfbeskikking. In hierdie konteks verklaar Kotze & Senekal dat “... Orania does not exclude anyone based on race, but in reality, the Afrikaner – as a descendant of European settlers since 1652 – is a white community and no black people have settled in Orania.”⁹⁵ Die behoud van Orania as 'n wit Afrikaner-enklawe word met die toekenning van verblyfreg bestuur.

93 CWH Boshoff, *Dis nou ek...*, p 390.

94 Orania ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en geïntegreerde ontwikkelingsplan, Mei 2020, p 38.

95 E Kotze & B Senekal, *Employing sentiment analysis...*, p 25.



Figuur 5: Skets van Orania se dorpsgebied, 2022.
(Bron: Orania Beweging. s.j. www.oriania.co.za.)

Orania se strewe na selfbeskikking

Akkoord oor Afrikaner-selfbeskikking

Die Akkoord oor Afrikaner-selfbeskikking (*Accord on Afrikaner self-determination*)⁹⁷ is 'n ooreenkoms wat op 23 April 1994 (vier dae voor die demokratiese verkiesing van 27 April 1994) onderteken is. Die partye tot hierdie ooreenkoms was die African National Congress (ANC), die Suid-Afrikaanse regering/Nasionale Party (NP) en die Vryheidsfront (VF). Hierdie Akkoord bepaal onder meer dat “(t)he parties agree to address, through a process of negotiations, the idea of Afrikaner self-determination, including the concept of a Volkstaat.”⁹⁸

Na die verkiesing van 1994 was die ANC die meerderheidsparty wat aanvanklik in 'n regering van nasionale eenheid met onder meer die NP regeer het. Nadat die NP

97 Accord on Afrikaner self-determination between the Freedom Front, the African National Congress and the South African government/National Party 23 April 1994, <https://www.justice.gov.za/legislation/constitution/history/INTERIM/TCR/ACCORD.PDF>, besoek 2024-04-10.

98 Accord on Afrikaner..., p 3.

Tabel 1: Ouderdomsverspreiding van Orania II se inwoners, 2021

Ouderdomsinterval	Getal	Persentasie
Ouer as 65	317	13,4%
20 tot 64	1 318	55,4%
< 1 tot 19	742	31,2%
Totaal	2 377	100%

(Bron: Orania Sosio-Ekonomiese Opname, 2022.)

Tabel 2: Werksprofiel van Orania II se inwoners van werkende ouderdom, 2021

Kategorie	Getal	Persentasie
Werk voltyds	747	45,6%
Eienaar van sake-onderneming	242	14,8%
Deeltydse en kontrakwerkers	178	10,9%
Subtotaal	1 167	71,3%
Afgetree	236	14,4%
“Vrywillig” buite arbeidsmark	204	12,5%
Werkloos	28	1,7%
Totaal	1 635	100%

(Bron: Orania Sosio-Ekonomiese Opname, 2022.)

uit die regering van nasionale eenheid getree het, het daardie party die kreeftegang gegaan en uiteindelik ontbind. Die VF het na 1994 met die Konserwatiewe Party saamgesmelt onder die naam VF+.

Na die demokratiese verkiesing van 1994 het die ANC-regering geen daadwerklike poging aangewend om die Akkoord ten uitvoer te bring nie. Die strewe na selfbeskikking in Orania is egter in ooreenstemming met die bepalings van die Akkoord, wat onder meer voorsiening maak vir onderhandelinge oor 'n Volkstaat.⁹⁹

99 Accord on Afrikaner..., p 3.

Plaaslike munisipale bestuur in Orania

Orania word deur 'n dorpsraad bestuur, wat as plaaslike owerheid funksioneer. Hierdie is 'n belangrike aspek wat suksesvolle ontwikkeling verseker, omdat die dorpsraad in wese plaaslike bestuur is. Die magte van die dorpsraad het 'n lang aanloop. Suid-Afrika se Grondwet¹⁰⁰ maak in artikels 40 en 41 voorsiening vir drie regeringsvlakke, naamlik die sentrale regering, provinsiale regering en munisipaliteit (plaaslike regering). Die Grondwet omskryf in Artikels 151 tot 164 van die magte en funksies van munisipaliteit, waarkragtens Orania se dorpsraad bemagtig word.

Die skikking oor volgehoue plaaslike selfbestuur van Orania is in 2000 bereik. Senekal¹⁰¹ toon aan dat die Munisipale Afbakeningsraad in 1999 aangedui het dat die Hopetown Verteenwoordigende Oorgangsraad (HVOR), die Strydenburg Verteenwoordigende Oorgangsraad (SVOR) en die Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad (OVOR) gaan saamsmelt in 'n nuwe Oranje-Karoo Plaaslike Munisipaliteit. Hierdie samesmelting is aangekondig met die oog op 'n landswyse verkiesing vir plaaslike owerhede wat vir 5 Desember 2000 geskeduleer was. Na 2000 het die naam van die Oranje-Karoo Plaaslike Munisipaliteit na die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit verander, wat binne die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit val.¹⁰²

Die provinsiale regering in die Noord-Kaap het egter nagelaat om die voorgenome afskaffing van die OVOR te publiseer. Publikasie was 'n wetlike voorskrif vir 'n samesmelting van die OVOR met die HVOR en die SVOR. Nadat die fout aan die lig gekom het, het die Noord-Kaapse regering dit probeer regstel deur 'n latere publikasie van 'n kennisgewing van voorneme om die OVOR by die Oranje-Karoo Plaaslike Munisipaliteit in te lyf. Na besware van die inwoners van Orania het die Noord-Kaapse regering nie betyds gereageer nie. Gevolglik het die OVOR en die Orania inwonersvereniging op 16 November 2000¹⁰³ 'n gesamentlike dringende aansoek in die hooggeregshof in Kimberley gebring om die munisipale verkiesing van 5 Desember 2000 op te skort.¹⁰⁴ 'n Hofsaak oor hierdie regspraakstuk kon

100 Republiek van Suid-Afrika, Grondwet, Wet No. 108 van 1996, soos gewysig.

101 B Senekal, *Die eerste 40...*, p 535.

102 B Senekal, *Die eerste 40...*, p 535.

103 *News24*, Orania's court battle this week, 2000-11-06, <https://www.news24.com/news24/oranias-court-battle-this-week-20001106>, besoek 2024-04-09.

104 Orania Transitional Representative Council and the Orania Inhabitants Association vs. The President of the Government of the Republic of South Africa and 47 others, Northern Cape High Court, 1148/2000.

moontlik die landwyse plaaslike verkiesing van 5 Desember 2000 in gedrang bring. 'n Skikking is gevolglik tussen die OVOR, die Orania inwonersvereniging en die regering bereik, waarkragtens die OVOR sy onafhanklike status behou.¹⁰⁵

Die skikking bepaal:¹⁰⁶

- (i) Dat die aansoek *sine die* uitgestel word.
- (ii) Dat, hangende die beregting en finale afhandeling van hierdie aansoek:
 - a. behou eerste applikant¹⁰⁷ alle regte wat hy tans het of mag hê;
 - b. bly eerste applikant voortbestaan as 'n entiteit vir onderhandeling en litigasie soos onder meer voorsien in Artikel 38 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No 108 van 1996;
 - c. die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet 1998 (Wet no. 117 van 1998) soos gewysig word ten volle uitgevoer en toegepas word.
- (iii) Dat die koste van hierdie aansoek oorstaan vir latere beregting.

Dit is steeds die status van die dorp en die dorpsraad. Orania is 'n oorlegsonne binne die betrokke munisipaliteite kragtens die Spluma-wet.¹⁰⁸ Die oorlegsonne is op 25 Julie 2022 in die *Northern Cape Provincial Gazette* No. 2524 (Notice Number 105 of 2022) gepromulgeer.¹⁰⁹ Gevolglik is die dorpsraad van Orania verantwoordelik vir dienslewering, fiskale pligte en grondgebruiksaanseke in die dorp en liasseer jaarliks laasgenoemde vir kennisname by die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit. Voorts kry die dorp geen dienste van die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit of die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit nie.¹¹⁰

Die voorsitter van die dorpsraad is die burgemeester van Orania. Die dorpsraad neem amptenare in diens om munisipale dienste in Orania te lewer en die dorp te bestuur.¹¹¹

105 *News24*, Orania retains status quo, 2000-12-05, <https://www.news24.com/news24/orania-retains-status-quo-20001204>, besoek 2024-04-09.

106 Orania Transitional Representative...

107 Dit is die OVOR.

108 Republiek van Suid-Afrika, Spatial planning and land use management Act (Spluma-wet), Wet No. 16 van 2013, soos gewysig.

109 Regering van die Noord-Kaap, *Northern Cape Provincial Gazette* No. 2524 (Notice Number 105 of 2022), 2022.

110 Telefoniese gesprekke: JJ Rossouw – mnr Gawie Snyman van Orania se Dorpsraad op verskeie datums.

111 Telefoniese gesprekke: JJ Rossouw – mnr Gawie Snyman van Orania se Dorpsraad op verskeie datums.

Selfbeskikking

Die uiteindelijke oogmerk van die bestuur en inwoners van Orania is selfbeskikking, soos deur die Verwoerdiaanse ideaal van selfbeskikking in die vooruitsig gestel is en waarvoor die Akoord wat vroeër bespreek is, voorsiening maak. Die oordeel oor Verwoerdiaanse idealisme, selfbeskikking en afsonderlike ontwikkeling het met verloop van tyd verander. Mnr Carel Boshoff IV, 'n kleinseun van die voormalige premier, dr HF Verwoerd, verklaar dat die premier se "... voorkeur vir sentrale beplanning van hom 'n eg moderne 'sosiale ingenieur' gemaak" het.¹¹² Boshoff kwalifiseer wel hierdie stelling deur by te voeg dat met die voordeel van terugskoue, Verwoerd "... maklik gekritiseer word, maar dit neem nie weg dat ... (hy) ... tydgenootlik as 'n goeie en sterk leier gereken is ... (nie)."¹¹³ De Beer, waarna in die literatuuroorsig verwys is, dui daarop dat die meerderheid van Orania se inwoners 'n premie op selfbeskikking binne 'n volkstaat plaas.¹¹⁴

Selfbeskikking vir Orania kan slegs op een van drie wyses verkry word. Die beskikbare opsies is die aankoop van grondgebied, sesessie en swaardmag. Internasionaal is daar voorbeelde van lande wat grondgebied van ander lande aangekoop het. Die mees onlangse aankoop van grondgebied het in 2017 plaasgevind. Saoedi-Arabië het kragtens die ooreenkoms van maritieme afbakening¹¹⁵ tussen die Koninkryk van Saoedi-Arabië en die Arabiese Republiek van Egipte die Tiran Eiland en die Sanafir Eiland van laasgenoemde aangekoop. Daar is egter geen internasionale voorbeeld van 'n gebied of 'n groep mense wat "onafhanklikheid gekoop" het van 'n land nie. Hierdie is dus 'n onwaarskynlike opsie vir Orania.

Onafhanklikheid deur die swaardmag impliseer oorlog vir vryheid en onafhanklikheid. Hiervan is daar verskeie internasionale voorbeelde. Enige oorlog tussen Orania en Suid-Afrika vir onafhanklikheid is natuurlik 'n burgeroorlog, maar is nie 'n opsie nie. Orania het nie 'n weermag nie.

Sesessie is 'n bekende voorbeeld waardeur lande selfbeskikking en onafhanklikheid verkry. Volgens Wood is sesessie "... an instance of political disintegration, wherein

112 CWH Boshoff (Carel IV), *Tuiskoms: Waar ons vandaan kom en waar ons heen gaan* (Orania: Vryheidstigting, 2022), p 110.

113 CWH Boshoff (Carel IV), *Tuiskoms: Waar ons...*, p 110.

114 FC de Beer, *Exercise in futility...*, p 109.

115 Agreement of maritime delimitation between the Kingdom of Saudi Arabia and the Arab Republic of Egypt, 2016, <https://treaties.un.org/doc/Publication/UNTS/No%20Volume/54577/Part/1-54577-08000002804c42e7.pdf>, besoek 2024-04-08.

political actors in one or more subsystems withdraw their loyalties, expectations, and political activities from a jurisdictional centre and focus them on a centre of their own."¹¹⁶ Volgens Stein¹¹⁷ is die sesessie van Suid-Soedan van Soedan in 2011 die jongste sodanige voorbeeld.

Hierdie drie opsies laat slegs sesessie as alternatief tot selfbeskikking vir Orania. Sesessie vir selfbeskikking sal tussen die bestuur en inwoners van Orania en die Suid-Afrikaanse regering onderhandel moet word. In hierdie onderhandelinge kan Orania steun op die Akkoord van 1994 wat hierbo bespreek is.

Gevolgtrekkings

Hierdie historiese oorsig van die "wortels" van Orania lei tot drie gevolgtrekkings. Eerstens toon hierdie navorsing dat Orania aanvanklik binne die konteks van 'n groot waterskema ontwikkel is. Ten tyde van die aankondiging en ontwikkeling van die waterskemas kon die Suid-Afrikaanse regering groot droom, dienooreenkomstig beplan en projekte ten uitvoer bring.

Die tweede gevolgtrekking is van groter historiese belang. Daar is historiese rekords oor die Oranjerivierwaterskema en verwante projekte en navorsing oor die projek se totale omvang en impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Individuele elemente daarvan is egter swak geboekstaaf. Hierdie historiese navorsing oor Orania se ontstaan toon duidelik die belangrike rol van argivale bewaring van dokumentasie. Normaalweg is die bewaring van aantekeninge oor besluite en gebeure nie van besondere belang wanneer groot projekte van stapel gestuur word nie. Hierdie gaping in historiese konteks blyk eers wanneer navorsers baie jare later op die gebeure fokus. Volledige rekords is van belang vir latere geskiedskrywing oor projekte en aspekte wat daarmee saamhang, byvoorbeeld Orania binne die konteks van die Oranjerivierwaterskema en verwante projekte.

Laastens is die oogmerk van selfbeskikking 'n sentrale ideaal van die bestuur en inwoners van Orania. Internasionaal kan selfbeskikking deur die swaardmag of by wyse van sesessie deur onderhandeling bereik word. Laasgenoemde is die ooglopende opsie vir Orania, wat beteken dat onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse regering aangeknop moet word.

116 JR Wood, *Secession: A comparative analytical framework*, *Canadian Journal of Political Science* XIV(1), 1981, p 111, <https://www.jstor.org/stable/3230396?seq=5>, besoek 2024-04-08.

117 C Stein, "Successful Secessionist Movements and the Uncertainty of Post-Secession Quality of Life" (Honors thesis, Oregon State University Honors College, <file:///C:/Users/A0037611/Downloads/SteinChloeE2016.pdf>), besoek 2024-04-08, p iii.

Copyright of South African Journal of Cultural History is the property of South African Society for Cultural History and its content may not be copied or emailed to multiple sites or posted to a listserv without the copyright holder's express written permission. However, users may print, download, or email articles for individual use.